**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERYS**

**VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**
**(Eerste Vraestel: Taal in Konteks)**

# MEMORANDUM

**AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP** [704 woorde]

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie; die fokus is op begrip.
- Vir oop vrae word GEEN punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering verdien die punt.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae, word die punte verdeel; 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING **EN** ŉ punt vir die rede/motivering/aanhaling.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word, en die kandidaat gee ŉ volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee/drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word SLEGS DIE EERSTE TWEE/DRIE nagesien soos in die vraag vereis.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

**VRAAG 1: KYK- EN LEESBEGRIP – TYDSKRIFARTIKEL**
***COWBOY – en nie ŉ KROEK***
[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 25 September 2008] [384 woorde]

| NR. | ANTWOORD | PUNT | LU | AS | DENKVLAK EKS | DENKVLAK IM | DENKVLAK EM |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.1 | Eers: jy sou nie met hom wou sukkel nie/hy was gevaarlik/hy sou sommer baklei/hy was ŉ boelie/*gangster*/ bendelid/het nie mooi (ordentlik) met mense gepraat nie (1)<br>Daarna: hy is nou vriendelik/hy is ŉ baken van lig (in sy gemeenskap)/hy is nie meer gevaarlik nie/hy is nie meer ŉ boelie/*gangster*/bendelid nie/praat nou ordentlik met mense (1) | 2 | 2 | 2.1.4 | 2<br>2 | 2<br>2 | n.v.t. |
| 1.2 | "baken van lig"/baken van lig<br>(DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE) | 1 | 2 | 2.2.4 | 1 | 1 | |
| 1.3 | perde/"perde"<br>(EEN WOORD) | 1 | 2 | 2.2.1 | 1 | 1 | |
| 1.4 | B/kinders wat swaarkry<br>(Beide aanvaarbaar) | 1 | 2 | 2.2.4 | 2 | 2 | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.5 | • bitterheid/Hulle is bitter.<br>• selfbejammering/Hulle kry hulself jammer.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 2.2.1 | 3 | 3 | |
| 1.6 | C/vriendelikste | 1 | 2 | 2.2.4 | 2 | 2 | |
| 1.7 | Hy het groente (van ʼn perdekar af) begin verkoop. | 1 | 2 | 2.1.3 | 1 | 1 | |
| 1.8 | Hy wil sy (die) ryskool aan een van die (jong) seuns nalaat. (1)<br>Hy wil in ʼn *western/cowboy*-fliek speel. (1) | 2 | 2 | 2.2.1 | 1 | 1 | |
| 1.9.1 | Enige sinvolle, aanvaarbare, geloofwaardige antwoord = **wie?** of **wat?** | 1 | 2 | 2.2.10 | 3 | 3 | |
| 1.9.2 | Enige sinvolle, aanvaarbare, geloofwaardige antwoord = **hoe?** (Nie **hoekom** nie)<br><br>Skei die twee antwoorde (VRAAG 1.9).<br>Antwoorde moet verband hou met mekaar.<br>Bykans enigiets **positief** is aanvaarbaar. | 1 | 2 | 2.2.10 | 3 | 3 | |
| | | | | | | | **SUBTOTAAL: 12** |

| **VRAAG 2: KYK- EN LEESBEGRIP – RESENSIE EN ADVERTENSIE**<br>***The Coconuts* – Trots Suid-Afrikaans!**<br>*[Rapport*, 17 Januarie 2009, *www.tonight.co.za, www.proudlysouthafrican.co.za]*<br>[211 woorde]<br>***Die ligter kant van Suid-Afrikaans wees*.**<br>[Verwerk uit: *Huisgenoot,* 18 Desember 2008] [26 woorde] | | | | | **DENKVLAKKE** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **NR.** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **LU** | **AS** | **EKS** | **IM** | **EM** |
| 2.1 | Andrew Timm | 1 | 2 | 2.2.1 | 2 | 2 | n.v.t. |
| 2.2 | C/informele taal | 1 | 2 | 2.1.6 | 3 | 3 | |
| 2.3 | Mening/mening | 1 | 2 | 2.2.3 | 3 | 3 | |
| 2.4 | Dit moet mense laat lag./Dit behoort mense te laat lag. | 1 | 2 | 2.2.5 | 1 | 1 | |
| 2.5 | • Dit help Suid-Afrikaners om mekaar sosiaal beter te verstaan.<br>• Dit help Suid-Afrikaners om mekaar se kulture beter te verstaan.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 2.1.4 | 1 | 1 | |
| 2.6 | Die hond is veronderstel om die gesin te beskerm/die sekuriteit te wees, MAAR sy hok (en dus hy) word beskerm.<br>(BEIDE kante moet aangedui word om 1 punt te verdien.) | 1 | 2 | 2.2.7 | 3 | 3 | |
| 2.7 | • Dit word beskerm deur ʼn sekuriteits-maatskappy/Iron Security.<br>• Daar is diefwering voor die hok se venster.<br>• Daar is ʼn alarm by die hok se deur.<br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 2.2.9 | 2 | 2 | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2.8 | Beste Suid-Afrikaanse televisiekomedie | 1 | 2 | 2.2.1 | 1 | 1 | |
| 2.9 | "Dis magic"/Dis magic | 1 | 2 | 2.2.1 | 1 | 1 | |
| 2.10 | B/humoristiese kant | 1 | 2 | 2.1.6 | 3 | 3 | |
| | | | | | | | **SUBTOTAAL: 10** |

**VRAAG 3: KYK- EN LEESBEGRIP – ADVERTENSIE**
***BOKOMO: Met jou hulp stuur ons duisende behoeftige kinders skool toe met 'n vol maag.***
[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 17 Julie 2008] [83 woorde]

| NR. | ANTWOORD | PUNT | LU | AS | EKS | IM | EM |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3.1 | • (vir) liggaamlike groei<br>• (vir) verstandelike ontwikkeling<br>(**goeie voeding** = verkeerd)<br>(Enige EEN) | 1 | 2 | 2.2.1 | 2 | 2 | n.v.t. |
| 3.2 | Dit is amper **onmoontlik om** (op hulle skoolwerk) **te konsentreer./Hulle kan nie (**op hulle skoolwerk) **konsentreer nie.** | 1 | 2 | 2.1.6 | 2 | 2 | |
| 3.3.1 | Onwaar (Slegs dié woord word aanvaar.) | 1 | 2 | 2.2.5 | 1 | 1 | |
| 3.3.2 | "minderbevoorregte"/minderbevoorregte/<br>"behoeftige"/behoeftige | 1 | 2 | 2.2.5 | 2 | 2 | |
| 3.4 | • Bokomo Oats<br>• East Coast Radio<br>(<u>luisteraars</u> is nie korrek nie – dit moet **instansies** wees.) | 2 | 2 | 2.2.1 | 1 | 1 | |
| 3.5.1 | figuurlike | 1 | 2 | 2.2.7 | 3 | 3 | |
| 3.5.2 | Hulle het geld bygedra/geld gegee/jammer gevoel vir die arm (honger) kinders. | 1 | 2 | 2.1.6 | 3 | 3 | |
| | | | | | | | **SUBTOTAAL: 8** |

| DENKVLAK 1: 12/30 (40%) DENKVLAK 2: 9/30 (30%) DENKVLAK 3: 9/30 (30%) |
|---|
| **TOTAAL AFDELING A: 30** |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 4: OPSOMMING**
**TYDSKRIFARTIKEL – 7 Stappe. Ontwikkel jou charisma**
[Uit: *Sarie,* Maart 2008] [234 woorde]

Die volgende hooffeite is geïdentifiseer:

- Jy moet meer leer oor sosiale intelligensie.
- Verbeter jou vaardigheid in kommunikasie en/of konflikhantering.
- Stel opreg belang in mense.
- Praat rustig en op 'n lae stemtoon.
- Wys jy het empatie met mense.
- Gebruik positiewe taal teenoor ander mense.
- Jou lyftaal moet dieselfde boodskap as jou woorde oordra.
- Jy moet warmte uitstraal en oogkontak met mense maak.

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. Opsommings in die verkeerde formaat word NIE GEASSESSEER NIE.
- Slegs feite wat in VOLSINNE aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die EERSTE poging nagesien.
- Kandidate MOET die **KORREKTE** getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite
  - 3 punte vir taal
- Penalisering:
  - Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra **woorde** toegelaat. Die **res van die opsomming word geïgnoreer.**
  - Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **NIE GEPENALISEER NIE**.
  - Elke taalfout (grammatika, spelling en punktuasie) word gepenaliseer. Trek soos volg van die 3 punte wat toegeken word vir taal, af:
    - 0 – 4 foute: geen penalisering
    - 5 – 10 foute: trek 1 punt af
    - 11 – 15 foute: trek 2 punte af
    - 16 foute of meer: trek 3 punte af
  - Vir direkte aanhalings van **volledige sinne** word daar soos volg gepenaliseer:
    - 1 – 3 volledige sinne aangehaal: geen penalisering
    - 4 – 5 volledige sinne aangehaal: trek 1 punt af
    - 6 – 7 volledige sinne aangehaal: trek 2 punte af
  - Trek 1 punt af van die totaal vir getal feite plus taalgebruik indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui OF die VERKEERDE getal woorde aangedui is.
- **BAIE BELANGRIK:** Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.

**TIPIESE TAALFOUTE**

- Woordorde in enkelvoudige sin (bv. O/werp + ww. + v/werp)
- Woordorde in saamgestelde sinne (Voegwoord 1, 2 en 3)
- Omgekeerde woordorde
- Lydende vorm
- Infinitief
- Tyd, wyse, plek
- Dubbelnegatief
- Voornaamwoorde
- Direkte vertaling (moedertaalinvloed)

Lees die hele opsomming om ŉ geheelindruk van die opsomming te kry.

| |
|---|
| Denkvlak 2: 10/10 (100%) |
| **TOTAAL AFDELING B: 10** |

**AFDELING C: TAAL**

- Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
- In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
- Waar 'n afkorting getoets word, moet die punte op die regte plek wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½ punte toegeken word.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

**VRAAG 5: GENERASIE HOOPVOL**
[Uit: *Taalgenoot,* September 2007]

| NR. | ASSESSERINGS-RIGLYNE | PUNT | LU | AS | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.1 | klets | 1 | 4.1.1 | lettergreepverdeling en uitspraak | 1 |
| 5.2 | leiers | 1 | 4.1.8 | homofoon | 1 |
| 5.3 | menings/sienswyses | 1 | 4.1.9 | sinoniem (moet in die mv. wees) | 3 |
| 5.4 | toekoms | 1 | 4.1.9 | antoniem | 1 |
| 5.5 | jaarlikse | 1 | 4.1.4 | afleiding d.m.v. agtervoegsel om attributiewe b.nw. te vorm | 2 |
| 5.6 | jeug + lei + kursus | 1 | 4.1.4 | identifiseer basisvorme (leiers nie korrek nie); kandidaat moet AL DRIE woorde reg hê om die punt te verdien | 3 |
| 5.7 | sewentien | 1 | 4.1.1 | getal uitskryf (spelling) | 1 |
| 5.8 | onderhoofmeisie/-dogter | 1 | 4.1.4 | vroulike vorm | 1 |
| 5.9 | Ek stamp my toon. Enige aanvaarbare sin met 'n ander betekenis as "om te wys". | 1 | 4.1.8 | homoniem | 3 |
| 5.10 | leierseienskappe | 1 | 4.1.4 | vorm 'n samestelling | 1 |
| 5.11 | ten spyte van | 1 | 4.1.2 | skryf afkorting uit | 1 |
| 5.12 | voetjies | 1 | 4.1.5 | verkleining (moet in die meervoud wees) | 1 |
| 5.13 | glo | 1 | 4.1.8 | woordkeuse | 2 |
| 5.14 | belangrikste | 1 | 4.1.6 | b.nw. oortreffende trap | 1 |
| 5.15 | goeie | 1 | 4.1.6 | attributiewe b.nw. (verboë vorm) | 1 |
| 5.16 | ouers | 1 | 4.1.9 | woordeskat: een woord vir ... | 1 |
| 5.17 | moontlikhede | 1 | 4.1.5 | meervoudsvorm | 1 |
| 5.18 | dolgraag | 1 | 4.1.6 | intensiewe vorm | 1 |
| 5.19 | verder | 1 | 4.1.6 | b.nw. vergrotende trap | 1 |
| 5.20 | verander | 1 | 4.1.4 | afleiding d.m.v. voorvoegsel | 1 |

Denkvlak 1: 15/20 (75%) Denkvlak 2: 2/20 (10%) Denkvlak 3: 3/20 (15%)

**SUBTOTAAL: 20**

**VRAAG 6: DIE VET IS IN DIE VUUR**
[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 25 September 2008]

| NR. | ANTWOORD | PUNT | LU | ONTLEDING | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 6.1 | Vanjaar se boerewors-kompetisie sal beslis moeiliker (wees) as ooit tevore (wees). | 1 | 4.2.4 | Teenwoordige tyd > toekomende tyd. | 1 |
| 6.2 | ŉ Paneel beoordelaars is (gekies) deur die Sjefs-Vereniging (gekies). | 1 | 4.2.8 | Lydende vorm in verlede tyd: sin begin met voorwerp, het gekies > is gekies en deur plus onderwerp is verpligtend. | 3 |
| 6.3 | Almal moes streng opleidingsessies bywoon (bygewoon het). | 1 | 4.2.4 | Teenwoordige tyd >verlede tyd. | 1 |
| 6.4 | Die sjef, Martin Kobald sê dat hy baie opgewonde (is) oor die vereniging se aandeel in die kompetisie (is). /<br>Die sjef Martin Kobald sê hy is baie opgewonde oor die vereniging se aandeel in die kompetisie. | 1 | 4.2.9 | Direkte rede > indirekte rede: ww. is skuif na die einde van die sin of na opgewonde; pers. vnw. ek > hy. Penaliseer met 1 punt as aanhalingstekens behou is. | 3 |
| 6.5 | Hy sê verder: "Vanjaar se kompetisie sal ŉ groter sukses wees." | 2 | 4.2.9<br>4.2.12 | Indirekte > direkte rede met ww. wat direk na onderwerp skuif. Een punt vir korrekte aanhalingstekens. | 1 en 3 |
| 6.6 | Hulle is trots daarop om ŉ rol in die kompetisie te speel. | 1 | 4.2.4 | Infinitief: om ... ... te + ww. | 2 |
| 6.7 | Daar is streng reëls en regulasies sodat die beoordeling op ŉ regverdige manier (sal) plaasvind. | 1 | 4.2.11 | Verbind sinne met vgw. 3: ww. van die sin skuif na die einde van die sin; <u>plaasvind</u> moet een woord wees.<br>Indien ŉ komma voor <u>sodat</u> gesit word, word kandidaat nie gepenaliseer nie. | 3 |
| 6.8 | Alle deelnemers vul ŉ inskrywingsvorm in, daarna kry hulle ŉ nommer. | 1 | 4.2.11 | Verbind sinne met vgw. 2, dus ww. uit sin 2 direk na vgw. | 3 |
| 6.9 | Wie neem deel aan die Boereworskompetisie**?** | 1 | 4.2.7 | Stelsin > vraagsin met vraagwoord en moet ŉ vraagteken hê om die punt te verdien. | 1 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 6.10 | Die beoordelaars kyk nooit/nie altyd na die kleur van die wors nie. | 1 | 4.2.10 | Ontkennende vorm: slegs een punt vir korrekte antwoord. As laaste **nie** weggelaat is, kry kandidaat nie die punt nie. | 2 |
| 6.11 | Nadat die beoordelaars die rou wors geproe het, beland dit op die kole. | 1 | 4.2.1 | Verbind sinne met vgw. 3: ww. van sin 1 skuif na einde van sin 1. Sin 2 begin met 2de werkwoord. Sin 1 verander na verlede tyd. | 3 |
| 6.12 | Die reuk van <u>gebraaide</u>/ <u>braaiende</u> wors, is altyd lekker. | 1 | 4.2.3 | Deelwoord | 2 |
| 6.13 | Die kompetisie vind op 13 September by Sun City plaas./Op 13 September vind die kompetisie by Sun City plaas. | 1 | 4.2.11 | Bepalings van tyd en plek: volgorde moet korrek wees om punt te verdien | 2 |
| 6.14 | Maak seker dat jy dadelik ŉ inskrywingsvorm <u>vir</u> hierdie kompetisie kry. | 1 | 4.2.1 | Voorsetsel | 1 |
| 6.15 | C/Die moeilikheid begin. | 1 | 4.2.13 | Uitdrukking | 2 |
| Denkvlak 1: 5/16(31%) | | Denkvlak 2: 5/16 (31%) | | Denkvlak 3: 6/16 (38%) | |
| | | | | | **SUBTOTAAL: 16** |

**VRAAG 7: KRITIESE TAALBEWUSTHEID – STROKIESPRENT**
[Verwerk uit: *Rapport*, 28 Desember 2008]

| NR. | ANTWOORD | PUNT | LU | ONTLEDING | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 7.1 | Enige sinvolle antwoord wat die Ma se woede/frustrasie uitdruk – moet egter verband hou met raampies 1-6. | 1 | 2.2.6 | uitdruk van woede | 3 |
| 7.2 | C/kalm | 1 | 4.3.1 | geïmpliseerde betekenis | 2 |
| 7.3 | Alle tieners is lui/slap. (Of ŉ soortgelyke antwoord) | 1 | 4.3.3 | stereotipering | 3 |
| 7.4 | Hy is astrant./Hy toon geen respek nie. | 1 | 4.3.2 | waardes en houdings | 2 |
| Denkvlak 2: 2/4 (50%) | | Denkvlak 3: 2/4 (50%) | | | |
| | | | | | **SUBTOTAAL: 4** |
| | | | | | **TOTAAL AFDELING C: 40** |
| | | | | | **GROOTTOTAAL: 80** |

| **DENKVLAK** | **1** | **2** | **3** |
|---|---|---|---|
| Afdeling A | 12 | 9 | 9 |
| Afdeling B | 0 | 10 | 0 |
| Afdeling C | 15 + 5 +0 | 2 + 5 + 2 | 3 + 5 + 2 |
| **TOTAAL /80** | 32 | 28 | 20 |
| % | 40 | 35 | 25 |

| KONTROLELYS VIR DIE OPSTEL EN MODERERING VAN VRAESTEL1 | | |
|---|---|---|
| **BEGINSELS** | **VRAE** | **KOMMENTAAR** |
| 1. Sosiale transformasie | ✓ | |
| 2. Hoë kennis en vaardigheidsvlakke | ✓ | |
| 4. Progressie | ✓ | |
| 5. Artikulasie/oordraagbaar | ✓ | |
| 6. Menseregte/inklusiwiteit | ✓ | |
| 7. Waardering vir inheemse | ✓ | |
| 8. Geloofwaardigheid/doeltreffend | ✓ | |
| **Kritieke en ontwikkelingsuitkomste** | | |
| **Kritieke uitkomste** | | |
| 1. Identifiseer/los probleme op | ✓ | |
| 2 Werk doeltreffend in groepe | ✓ | |
| 3. Selfwerksaamheid | ✓ | |
| 4. Inligting versamel/reageer | ✓ | |
| 5. Kommunikeer doeltreffend | ✓ | |
| 6. Gebruik teg. wet. doeltreffend | ✓ | |
| 7. Die wêreld as sisteem | ✓ | |
| **Ontwikkelingsuitkomste** | | |
| 1. Verskillende leërstrategieë | ✓ | |
| 2. Verantwoordelike burgerskap | ✓ | |
| 3. Kultuur/esteties sensitief | ✓ | |
| 4. Beroepsmoontlikhede | ✓ | |
| 5. Entrepreneurskap | ✓ | |
| | | |
| **Leeruitkoms 2: Lees en kyk** | | |
| **Lees/kyk vir begrip en waardering** | | |
| • Maak voorspellings | | |
| • Identifiseer hoofgedagtes | Afdeling B | |
| • Ondersteunende gedagtes uitlig | Afdeling A | |
| • Som hoofgedagtes op | Afdeling B | |
| • Lei woordbetekenis uit konteks af | Afdeling A en C | |
| • Herlees vir begrip | Afdeling A, B en C | |
| **Betekenis van verskeidenheid tekste** | | |
| • Toepaslike inligting vind | Afdeling A | |
| • Seleksie/weglating van inligting beïnvloed betekenis | Afdeling B en C | |
| • Verskil tussen direkte en verskuilde betekenis | Afdeling A | |
| • Herken skrywer se standpunt | Afdeling A en C | |